# SKOLEBEDIENING: Sleutel na die hemel

**Doel van les:**

- n Sleutel is 'n universiele simbool regoor die wêreld. Sleutels belowe toegang, vryheid, vervoer, beskerming en veiligheid. 'n Sleutel word gebruik as verteenwoordiger om iets waardevol te verkry net soos 'n sleutel fisies 'n deur kan oopsluit of iets wat voorheen onbekombaar was. Die sleutel word ook in die Bybel gebruik, beide as simbool en letterlik. Vandag praat ons van die Sleutel wat die weg vir ons hemel toe oopsluit.

**Praise and worship**

**Lawwe ysbreker:**
Laat die kinders in sirkels staan en vra die volgende vraag: As jy enige dier kon wees, wat sou jy kies om te wees en hoekom? Gee hulle bietjie kans om te dink en begin dan by jouself en beantwoord die vraag. Gaan dan om in die sirkel.

Die volgende speletjies gaan met die les te doen hê en die kinders moet nou in groepe opgedeel word.

**Aktiwiteit 1**: **Tel die sleutels**
Kyk wie het almal sleutels by hulle. Vergelyk en tel watter persoon die meeste sleutels het. Watter groep het die meeste sleutels gesamentlik?

**Aktiwiteit 2: Emmer sleutel gooi**
Gee vir elke groep 'n emmer wat 'n afstand van die groep geplaas moet word. Elke groeplid kry 'n sleutel en nou is die resies aan om te kyk watter groep gaan eerste al hulle sleutels in die emmer gegooi kry.

**Aktiwiteit 3: Sleutel rolbal**
Elke kind kry 'n sleutel. Hulle moet in 'n ry staan en kyk wie kan hulle sleutel die naaste kry aan 'n wit ronde stuk papier wat 'n afstand van die groep geplaas is. (hulle kan die sleutel gooi of "slide")

**Les inhoud**:

Die van ons hier wat al 'n sleutel verloor het, weet dis glad nie 'n lekker gevoel nie. Sleutels is uniek. Daar is hout sleutels, metaal sleutels, groot sleutels en klein sleutels. Elkeen het 'n doel.

**Vrae in die groep:**

1. Hoe oud was jy toe jy jou eerste sleutel ontvang het?
2. Wat is die doel van 'n sleutel?
3. Watter sleutels is baie belangrik?

Sonder die regte sleutel vir die regte slot, is ons uitgesluit. Ons kan nie binne gaan nie. Ons het nie toegang tot wat agter die slot is nie.

Die Bybel praat van 'n baie belangrike sleutel wat ons in ons besit moet hê. **Johannes 14:6 sê: Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.** Hier sê Jesus vir ons dat daar slegs een manier is om in die hemel te kom. Nie deur goeie dade of oor ons 'n vriendelike outjie of mooi meisie is nie. Jesus is die enigste Sleutel na die hemel en maak die weg vir jou oop na God en als wat God belowe. Hy bevry jou van die kettings van sonde. Hy vra dat ons ons harte vir Hom sal gee. Maak vandag jou hart vir Hom oop. Die ewigheid is 'n lang tyd om uitgesluit te word.

**Sluit af met gebed in groepe.**